**19 Maart**
**Skrifgedeelte: Jeremia 32:36-41**
**Fokusgedeelte: Jeremia 32:33 en 40(c)**

**Gesigkantmense**

Van die begin van God se verbond met Abraham was die bedoeling dat sy kinders naby aan Hom sal lewe (Gen 17:1): “Lewe naby My en wees opreg”. Die genade van God vir die verbondsvolk word deur die profeet geteken met die belofte dat die Here self die volk bymekaar sal maak en hulle na Hom toe sal terugbring. God self draai deur die Woord en Gees mense om sodat hulle met hulle gesigte na Hom toe staan. Dan sien hulle! Dan sien hulle die wonder van die genade: dat Hy vir hulle ‘n God sal wees (vers 38); dat Hy nooit sal ophou om aan hulle goed te doen nie (vers 40); dat Hy dit geniet om aan hulle goed te doen (vers 41); dat Hy hulle hart sal verander en die begeerte om weg te draai van God af nie weer by hulle sal opkom nie (vers 39 en 40).
Die onbegrensde genade van God lê daarin dat Hy mense gaan haal en omdraai; dat Hy harte van klip verwyder en aan mense harte gee wat polsend van liefde vir God en ons naaste klop; Dat Hy dowe ore weer laat hoor – die verlossingswoord laat hoor!
Dit is eintlik vanselfsprekend. Gesigkantmense kyk na die lig toe. In die lig van God se Woord sien hulle die Lig van God raak, die Lig wat gekom het in die wêreld, naamlik Jesus Christus. Jesus is die openbaring van die onbegrensde genade van God. Hy het die wêreld so lief gehad het dat Hy sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie. Dit is die groot openbaring van God wat nie ophou om goed te doen nie.
Gesigkant mense kyk na hulleself en na hulle lewenspad in díe Lig. Die lig van God skyn op hulle. Hulle sien hulle sonde raak en bekeer hulle daarvan. Hulle soek na die regte pad om te loop in dié Lig. Hulle soek en hulle kry ook die pad. Hulle hou hulle lewe skoon deur dit te hou aan die Woord. Gesigkantmense is as ’t ware troetelkinders wat leef voor die gesig van die Here en speel aan Sy voete. Hulle verlustig hulle in sy liefde en verheerlik Hom met hulle gehoorsaamheid.
*Sing: Psalm 73:11 Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)*